SAT-7 NUUS

SAT-7 SA Nuusbrief—Mei 2017

ONS JONGSTE KYKERS WORD BEMOEDIG

`n Belangrike aspek van SAT-7 se werk in die Midde-Ooste en Noord-Afrika is om die groeiende kerk te ondersteun deur direkte betrokkenheid by die kykers. Dit sluit die jongste kykers wat die kinderkanaal, SAT-7 KIDS volg in.

Adjunk Hoof Uitvoerende Beampte en aanbieder van *Bedtime Stories,* Rita Elmounayer het `n besondere passie vir die kinders van die Midde-Ooste. Sy is daarvan oortuig dat van die kinders, gevorm deur SAT-7 se programme en die aanbieders se betrokkenheid, gaan opgroei tot leiers wat `n verskil aan hul lande sal maak deur hul sterk waardes en verhouding met God.

Hierdie hoop word bevestig deur `n volwasse Irakese kyker se getuienis van die blywende invloed wat SAT-7 KIDS op `n kind se lewe uitoefen. "Ons het in oorlogsomstandighede opgegroei. Daar is geen ander realiteit vir mense onder 35 nie. Dit is die norm waarvolgens mense leef." Martin en sy susters het die donker omstandighede in Irak ontsnap deur na SAT-7 KIDS te kyk. Deur die program *As-Sanabel* het hulle `n ander wêreld leer ken.

"Ons het lief geword vir die karakters," vertel Martin. "Rita (die aanbieder) het tot my vreugde op my brief geantwoord. Ek kan nie my blydskap beskryf nie." Na al die jare bewaar hy steeds die kaartjie wat Rita vir hom gestuur het. "Ek dink nie SAT-7 het besef watter impak hulle op so baie kinders op die platteland Irak sou hê nie. Ek leef steeds die seën van julle programme voluit."

Sosiale media speel `n belangrike rol in die kommunikasie met jong mense. Kinders en hul ouers kontak SAT-7 KIDS deur middel van e-pos, die webwerf, SMS, Whatsapp, Facebook en Twitter. Hulle betuig hul dankbaarheid oor en meelewing met die programme. Daar is ook baie boodskappe van kykers uit nie-Christelike agtergrond in die Midde-Ooste wat Jesus begin volg of wat meer van Hom wil weet.

"NIE NET PRET NIE"

Die Ondersteuninspan wat individueel reageer op elke kyker se boodskap of versoek poog om God se liefde en die Evangelie boodskap van ons verlossing deur Jesus duidelik deur te gee. Klem word ook geplaas op die noodsaaklikheid van `n persoonlike verhouding met Jesus. Bybelverse en bemoedigende boodskappe word daagliks deur die Ondersteuningspan op die SAT-7 KIDS Facebook blad geplaas. Sowat 700,000 kykers volg die SAT-7 Facebook blaaie en in 2016 is die SAT-7 KIDS programme op YouTube meer as 3.5 miljoen keer besoek en 11,000 video's gedeel deur die kykers.

`n Kyker lewer die volgende kommentaar op Facebook: "Mag God julle uitermate seën. Dit is nie net pret om na jul programme te kyk nie, my kinders en ek leer ook baie van Jesus en die Bybel. `n Dankie is nie genoeg nie. Mag God julle seën!" ■

> **"Ek geniet dit baie om saam met my dogtertjie na julle programme te kyk. Al is sy nog klein geniet sy *Why Is That* en *Let's Sing Together.* Mag God julle seën en tot Sy eer gebruik.**
> **- Kyker van Egipte**

DIE ONSIGBARE FRONTLINIE

Daar is meer as een wyse waarop SAT-7 werksaam is op die frontlinie. Terwyl `n groot aantal van SAT-7 se aanbieders kykers se vertrouelinge en vriende geword het deur hul gereelde optredes, is daar `n onsigbare frontlinie wat net so belangrik is. Dit behels die beskikbaar wees vir kykers hetsy per telefoon of internet.

Lede van die SAT-7 Kykers Beradingspan is die eerste perone wat kykers kontak mee maak — soms teen hoë risiko — wanneer hulle direkte ondersteuning soek by die ateljees.

Sedert SAT-7 PARS (die Farsi kanaal) die veilige aanlyn toepassing *Telegram* gebruik vir privaat kommunikasie, kontak kykers uit Iran SAT-7 aanvanklik op hierdie wyse. Die Beradingspan monitor en raak betrokke by kykers dmv *Telegram* waarna hulle die gesprek opvolg met `n telefoonoproep indien die kykers persoonlike hulp soos gebed, `n Bybel of kontak met `n huiskerk nodig het.

Panayiotis Keenan, Senior Bestuurder van SAT-7 PARS vertel die beraders ervaar hul bediening as `n roeping van God. “Wanneer ek hulle vra of hul na `n ander department wil skuif of `n program wil aanbied antwoord hulle: ‘Nee, die frontlinie is ons bediening; dit is die rede waarom ons hier is, om ons broers en susters in Iran te ondersteun.’ ”

Mitra, een van die spanlede verduidelik haar roeping: “Dit is vir my so bemoedigend en geestelik verrykend! Elke keer wanneer ek getuie is van iemand uit Iran wat Jesus leer ken en hul oë oopgaan vir die waarheid, word ek oorweldig deur vreugde. Komende uit dieselfde agtergrond, verstaan ek die wonder wanneer ons kykers Christus vind.”

Nog `n berader, Bhezad wat ook dieselfde ervarings deel, beklemtoon die band wat hy deel met die kykers: “Ek kan saamvoel met kykers wat nie toegang tot Bybels en kerke het nie. Ek verstaan wat dit is. Dit is my passie om my geloof met ander te deel. Dit is die kern van my hart.”

EERSTE KONTAK

Hy vertel hoe bevoorreg hy voel om moontlik die heel eerste Christen te wees met wie `n kyker kontak maak: “Twee weke gelede het ek `n kyker geskakel wat nog nooit enige kontak met iemand uit die Christelike gemeenskap gehad het nie en gebed gevra het. Na die gesprek en `n gebed vir sy behoeftes, was hy so oorweldig deur die wete dat iemand vir hom bid en hy nie alleen is nie.”

In `n ander kultuur en van `n ander kanaal is Ruth Irsany, die Beradings Toesighouer vir SAT-7 ARABIES in die Kaïro kantoor. Die meerderheid Arabies-sprekende kykers het groter vryheid as die Iranese om Bybels te bekom en ander gelowiges te ontmoet. Dit is nie vir hulle `n risiko om SAT-7 te kontak op welke manier ookal nie, hetsy deur Whatsapp of Skype. Die behoeftes is ook dikwels anders hoewel kykers ook lewensveranderende of selfs lewensbedeigende situasies kan ervaar.

“Wat my opgewonde maak is om te sien en deel te mag wees van wat God in mense se lewens doen deur SAT-7 se bediening,” vertel Ruth. “Ek raak opgewonde wanneer ons `n getuienis ontvang van hoe God iemand se lewe verander het deur ons programme of deur `n beantwoorde gebed. En die grootste vreugde is veral wanneer kykers ons vertel dat hulle Jesus as hul persoonlike Saligmaker aanvaar het.”

Ruth is net so verheug wanneer kykers meer ‘gewone’ versoeke instuur: “Twee dinge tref my altyd: die eerste is hoe mense ons vertrou met selfs die nietigste dinge in hul lewens en die tweede is hoe God oor selfs die nietigste alledaagshede in hul lewens begaan is.”

SAT-7 het spanlede wat elke kanaal bedien, insluitende die Turkse kanaal en die Arabiese kinderkanaal. Telkens wanneer die beraders die noodroep van `n kyker beantwoord weet hulle dat hul `n lid of potensiële nuwe lid van die Liggaam van Christus ondersteun.

Hierdie is `n bediening wat nie net die kykers raak nie maar ook die beraders self. Mitra van die PARS Beradingspan verduidelik hoe dit haar eie verhouding met Christus beïnvloed: “My werk voed my geestelik. Aan die einde van `n werksdag voel ek opgelig en geestelik gevoed. Dit gee my die geleentheid om mense in Iran te help en my gawe van lering te gebruik en veral om instrument van God te wees.” ■

> **“Ek is so bly julle het my opgespoor. Ek het Christus twee jaar gelede aanvaar en is dankbaar julle is hier om my te help. Bid vir my om meer te kan leer hoe om Jesus te volg.**
> **- Kyker van Iran**

Kopiereg © 2017 SAT-7

Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,
Lynnwoodrif
Pretoria 0040
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode: 632005
Tjekrekening 93-1343-4717
Verstrek asb naam en adres met inbetaling